

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 27: Tazria (תזריע) – Swanger word**

Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die kinders van Yisra’el en sê: ‘As ‘n vrou swanger word en geboorte gee aan ‘n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Lev. 12:1 en 2 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Lev. 12:1 tot 13:59

**Haftorah:** 2 Kon. 4:42 tot 5:19

**Nuwe Verbond:** Matth. 8:1 tot 4; Matth. 11:2 tot 6; Mark. 1:40 tot 45; Luk. 2:22 tot 24; Luk. 5:12 tot 16; Luk. 7:18 tot 23.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 27 wat afgelaai kan word by: [Parashah27Notas14](#) en [Parashah27Notas15](#) en [Parashah27Notas16](#).

*Learn to light a candle in the darkest moments of someone’s life. Be the light that helps others see; it is what gives life its deepest significance – Roy T. Bennett.*

*The difference between stumbling blocks and stepping stones is how you use them – Kalman Packouz.*

*Develop a passion for learning. If you do, you will never cease to grow – Anthony J. D'Angelo.*

*Change is the end result of all true learning – Leo Buscaglia.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL\_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*The past is a place of reference, not a place of residence; the past is a place of learning, not a place of living – Roy T. Bennett.*

## Torah Bespreking

### Altyd Soekend Na Die Waarheid!

Ons moet altyd 'n leerbare gesindheid openbaar – altyd soekend na die waarheid en 'n brandende begeerte om YHVH ons God en Vader beter te ken! 'n Leerbare gesindheid geld op elke gebied van ons lewe, maar soveel te meer aangaande die geestelike waarhede in YHVH se Woord. Ons moet soos 'n vars stroom lewende water wees wat voortdurend vloei. Water wat stagneer, sal uiteindelik verrot en ondrinkbaar wees. So is 'n onleerbare gees! Indien ons nie voortdurend geestelik groei deur van die Lewende Water van die Woord te drink nie (Joh. 4:13 en 14), sal ons geestelik stagneer en gevaar loop om geestelik mislei te word.

Gebrek aan die kennis van YHVH en van Sy geregtigheid kan uiteindelik ons geestelike dood beteken! Daarom sê YHVH deur die profeet Hosea:

*My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hos. 4:6.*

Op ons geestelike reis in hierdie wêreld is ons hoofdoel om YHVH as ons God en Vader waarlik te ken. Kennis van die Karakter en Outoriteit van YHVH, asook die kennis en toepassing van Sy Torah vir elkeen wat Yeshua as Messias bely, is die ewige lewe.

*Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid. Joh. 17:3.*

Die woord *ken* in bogenoemde teksvers beteken nie slegs feitlike kennis nie, maar is kennis wat op grond van 'n intieme verhouding bestaan. Dit is om te ken op grond van 'n eenwording tussen twee persone – 'n broederskap en kameraadskap deur een van gees te word. Die woord *ken* beteken in die oorspronklike vertaling, in beide Grieks en Hebreeus, ook om kennis te hê van, om te verstaan, waar te neem, te onderskei en insig te hê. Dit is om iemand te leer ken op 'n baie intieme wyse.

Indien ons hierdie kennis van YHVH verwerp, sal Hy ons as Sy koninklike priesterdom verwerp! En indien ons YHVH se Torah soos dit in die nuwe verbond op ons van toepassing is, vergeet, sal Vader ook ons kinders vergeet!

YHVH waarsku ons ook deur die mond van die profeet Jesaja:

*<sup>12</sup>Hulle fees-etes is met lier en harp, tamboeryn, fluit en wyn, maar hulle gee nie aandag aan die dade van יהוה nie en die werk van Sy hande oorweeg hulle nie; <sup>13</sup>daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors. Jes. 5:12 en 13.*

YHVH sê dat Sy volk – **nie die wêreld nie** – in ballingskap gaan omrede hulle Hom nie waarlik ken nie! Dit is soos om geestelik ondervoed te wees en van geestelike dors te versmag.

*The secret of spiritual success is a hunger that persists...It is an awful condition to be satisfied with one's spiritual attainments... God was and is looking for hungry, thirsty people.*  
– Smith Wigglesworth.

Maar dit is belangrik om daaraan herinner te word dat wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees die vereiste is om `n verhouding te begin om YHVH as God en Vader waarlik te leer ken en te verstaan.

Daarom het Yeshua vir Nikodémus, die Fariseër, gesê: *Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie van bo af gebore word nie, is dit onmoontlik vir hom om die Koninkryk van God te sien (Joh. 3:3).*

Dit sluit aan by wat Paulus aan Titus geskryf het:

*4* maar toe Sy sagtheid en die liefdevolle goedheid van God, ons Lewegewer, openbaar is, *5* het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die daade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwing van die Gees van Afsondering; *6* die Een wat Hy oorvloediglik oor ons uitgestort het, deur Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Lewegewer *7* sodat ons deur Sy onverdiende guns onskuldig verklaar kan word en erfgename kan word deur die versekerde verwagting van die ewige lewe. Titus 3:4 tot 7.

Alleenlik deur wedergeboorte en die werking van die Afgesonderde Gees in ons, kan ons YHVH waarlik leer ken.

Verhoudings word deur kommunikasie gebou. `n Verhouding is onmoontlik sonder goeie kommunikasie tussen die betrokkenes. Daarom word die sukses van enige verhouding bepaal deur die kwaliteit en die gereeldheid van kommunikasie. YHVH kommunikeer met die mens hoofsaaklik deur Sy Woord soos dit opgeteken is in die Afgesonderde Skrifte. Dit vorm die basis van elkeen se verhouding met God.

*16* Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid *17* sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2 Tim. 3:16 en 17.

Daarom moet ons ons beywer om deeglik in God se Woord onderrig te wees. Hierdie verantwoordelikheid berus by elkeen self.

*Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoeft te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15.*

Onthou dat God die mens geskape het om `n Vader-kind-verhouding met elkeen te hê. Daarom wil YHVH Sy Vaderhart aan ons bekend maak sodat ons Hom as God en Vader waarlik intiem kan ken. As Vader neem Hy die volle verantwoordelikheid om ons as Sy kinders te versorg en te beskerm, mits ons Hom waarlik liefhet en in alles gehoorsaam is!

Die Afgesonderde Gees leer en herinner ons aan alles wat Yeshua gesê het.

*23* Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. *24* Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. *25* Hierdie dinge het Ek vir julle

*gesê terwyl Ek by julle is, <sup>26</sup>maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:23 tot 26.*

Die Afgesonderde Gees is die Gees van die Waarheid. Daarom is doping in die Afgesonderde Gees noodsaaklik om YHVH waarlik te ken!

*<sup>12</sup> Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie, <sup>13</sup> maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. Joh. 16:12 en 13.*

Ons moet altyd soekend na die geestelike waarhede wees. Hierdie waarhede is te vinde in die Afgesonderde Skrifte vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21. Elkeen se ontdekkingsreis begin met wedergeboorte, vulling met die Afgesonderde Gees en 'n ywerige leerbare gesindheid.

*<sup>1</sup>Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, <sup>2</sup>maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. <sup>3</sup>Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig. <sup>4</sup>So is die wetsoortreders nie, maar soos kaf wat die wind wegwaai; <sup>5</sup>daarom sal die wetsoortreders nie beoordeel word in die oordeel van, of die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie, <sup>6</sup>want יהוה ken die lewenswyse van die regverdiges, maar die lewenswyse van die wetsoortreders sal vergaan. Ps. 1:1 tot 6.*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Rabbynse Judaïsme kan nie YHVH as God en Vader waarlik ken nie, want hulle verwerp Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias en derhalwe ook die Skrifte van die nuwe verbond. Hulle verstaan dus slegs 'n gedeelte van die Karakter en Outoriteit van YHVH. Hulle het 'n onvoltooide prentjie van YHVH se raadsplan van herstel. Hulle is nie wedergebore nie en nie met die Afgesonderde Gees gevul nie! En tog is talle in die Messiaanse Beweging daarvan oortuig dat die volgelingen van Rabbynse Judaïsme die Koninkryk van God sal sien (sal ingaan). Maar dan vergeet hulle ondermeer wat Yeshua vir Nikodémus ('n Fariseër en sinnebeeld van hedendaagse Rabbynse Judaïsme) gesê het (Joh. 3:3 tot 6 en 36), asook dat Yeshua die weg en die waarheid en die lewe is en dat niemand na die Vader gaan behalwe deur Yeshua nie (Joh. 14:6).
2. Die vraag ontstaan dus of ons die huis van Juda (die Jode) moet evangeliseer? Anders gestel: Is die opdrag in Matt. 28:19 ook ten opsigte van die huis van Juda van toepassing? Die antwoord op hierdie vraag is “Ja” en “Nee”! Dit is 'n besliste “Nee” indien ons van die Jode Christene wil maak volgens die leerstellings van die tradisionele kerke wat hulle oorsprong uit die Roomse Kerk het. Maar die antwoord is 'n besliste “Ja” indien ons van die Jode navolgers van Yeshua wil maak wat lewe volgens YHVH se Torah soos dit deur Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word. Anders gestel: Die antwoord is “Ja” indien ons hulle evangeliseer om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap, en ons vir hulle 'n voorbeeld daarvan kan wees! Onthou die eerste volgelingen van Yeshua is nie Christene genoem nie, maar wel die mense van Die Weg (Hand. 9:2).

3. Ons moet egter begrip hê hoekom die Jode ‘weerstand’ bied teen, en weersin het in die Christendom. Die volgende verduideliking van Hein Zentgraf ([zentie.hr@gmail.com](mailto:zentie.hr@gmail.com)) in sy artikel: “Volksmoord” gee vir ons antwoorde en is ook genoeg rede om te vra of jy en ek as Christen bekend wil staan? Hy skryf die volgende:

### Volksmoord.

Die woord “genocide” (volksmoord) is in 1944 deur ‘n Joods-Poolse prokureur geskep. Hy het dit in ‘n boek gebruik waarin hy die sistematiese massamoorde op die Europese Jode deur die Naziregering van Hitler neergepen het. Hy het die term noteer as "an old practice in its modern development", maar beskryf as "a coordinated plan of different actions aiming at the destruction of essential foundations of the life of national groups, with the aim of annihilating the groups themselves." Die woord is die volgende jaar gebruik in die aanklag teen die Nazi’s, bloot as beskrywend en nie as ‘n wetlike term nie.

In Rwanda het ‘n volksmoord tot ‘n punt gekom in Junie 1994, in Bosnie in 1995, in Kambodja in 1979. Ons sien menigvuldige soortgelyke optredes (bykans 109 sedert 250 nC) teen die Jode: die Spanjaarde in 1492 en baie ander Europese lande gedurende 15de en 16de eeu; laat 19de eeu uit Roemenie, Rusland en Moskou (apart) en tydens die Tweede Wereldoorlog die grootste ooit, deur die Hitlerregering in Duitsland.

Vanaf die tyd van Y’shua is Sy volgelinge vervolg. Ironies genoeg het dit begin by nie-gelowige Jode wat gelowige Jode vervolg het, asook heidene wat tot geloof in Y’shua gekom het. Hulle is spottenderwys na verwys as “christene”, volgens die Griekse woord Χριστός (Christos, Gesalfde Een) wat eintlik as ampsbenaming gebruik is vir Y’shua (Mat 1:1 en ander). Hierdie term Christen het verkeerdelik vasgesteek, soos baie ander terme in die Skrif en vandag is daar Christene wat nie weet wat die term beteken nie. Daar is ook Christene wat die term misbruik vir besigheid, net soos daar Christene is wat hul eie doel probeer bereik deur heidene en ongelowiges deur die wereld te “evangeliseer”. Hulle gaan selfs so ver as om Jode te probeer evangeliseer!

Die lande en volke wat vroër opgenoem en deur volksmoorde geraak is, verskil totaal van mekaar – in kleur, agtergrond, bevolkingstipe, kontinent, kultuur, gedrag, taal, vaardighede en afkoms. Daar is egter een gemene deler of oorsaak wat in baie gevalle oorgesien word: geloofsoortuiging. Vir meeste mense gaan dit oor die God of god wat hulle aanbid, terwyl die Skrif ons duidelik laat **verstaan dat ons geloofsoortuiging nie iets is wat in ‘n kerkgebou of –gemeenskap beoefen word nie**, maar wat ons daagliks persoonlik uitleef (Deut 30:16, 1 Joh 5:1-3, Rom 8:8, Joh 15:12-14 en ander).

Terwyl sommige van die nasies hierbo genoem, asook ander, nie direk daardeur geraak nie, is die grootste gemene deler in meeste van hierdie gevalle, sowel as meeste menseslagtings deur die Middeleeue, die Rooms Katolieke Kerk. “Katoliek” beteken “universeel” – wereldomvattend. Hierdie groep “christene” was verantwoordelik vir meer as 200 000 000 (tweehonderdmiljoen) moorde en menseslagtings die afgelope 2 000 jaar; gemiddeld werk dit uit op net so skuins onderkant 300 moorde per dag. Dit vergelyk baie goed met die plaasmoorde in Suid-

Afrika. Totdat Islam gestyg het na waar hulle vandag (1 April 2017) is, was Christendom die mees moorddadige “godsdienst” ter wereld!

Het die Katolieke Kerk hulself die titel “Christen” toegeeien as navolgers van Y’shua of as vervolgers van die navolgers? Vergelyk Openbaring 13 en besluit self. Bykans alles wat hulle glo, doen en se het geen Skriftuurlike waarde nie. Hulle beskou hulself as die ontvanger van Skrif en mag dit dus wysig soos en waar hulle dit nodig ag. ‘n Skitterende voorbeeld hiervan is die verskuiwing van Shabbat na Sondag! Daar is egter vele meer vir diegene wat belangstel om dit te ondersoek en daardie selferkenning te doen. Geskiedskrywer JA Wylie het geskryf: “It is idle in Rome to say, ‘I gave you the Bible, and therefore you must believe in **me** before you can believe in **it**.’ The facts... conclusively dispose of this claim. Rome did not **give** us the Bible – she did all in her power to **keep it from** us; she retained it under the seal of a dead language; and when others broke that seal, and threw open its pages to all, she stood over the book, and unsheathing her fiery sword, would permit none to read the message of life, save at the peril of eternal anathema” (emphasis in original).” Die leerstellings van die Rooms Katolieke Kerk is dus nie gegrond op enige deel van Skrif nie, maar slegs menslike vertolkings daarvan en vir persoonlike gewin.

Vir die Rooms Katolieke Kerk het dit nog nooit gegaan oor geloof nie, maar oor mag. Die woordjie “kerk” het ingesluit om hul geheime agenda’s en ook die van hul onderhouers (Rothschilds, Illuminati, Vrymesselaars en dies meer) te verbloem. Hulle wou hul mag oral laat geld en elke persoon wat teen die “kerk” gegaan het, is summier verwyder. Jon Hus is ‘n goeie voorbeeld; Luther, Calvyn en ander was ywerig vir verandering, maar kon dit nie volvoer nie. Omdat meeste mense gedurende die Middeleeue nie kon lees nie, is hulle letterlik in die duister gehou oor baie dinge – die “kerk” het alles beheer, alles gereel, alles in stand gehou. Die ongeskoolde mense (lees onderwerpe) moes net “ja en amen se” op alles – hulle moes aanvaar wat “geleer” word en basta. Vandat die drukpers ontwikkel is en meer mense begin lees het, het die lig letterlik opgegaan vir duisende, maar meer mense moes hul lewens prysgee vir ‘n gevoellose en selfsugtige wereldmag. Ons leef tans in ‘n soortgelyke wereld, waar ons (betroubare) bronne op die internet kan vergelyk met iemand wat in die Middeleeue geleer lees het.

Die katalisator in meer as 109 gevalle waar die Jode verdryf en vervolgd is, was die Rooms Katolieke Kerk. Daardie selfde instansie was ook verantwoordelik vir, onder andere, Hawaii, Auschwitz, Treblinka, Rwanda en Vietnam, om maar net die jongstes te noem.

Dieselfde is besig om in Suid-Afrika te gebeur. Gaan kyk gerus wie ondersteun die “groot sprekers”, die persone in beheer van finansies, wetgewing wat gemaak word om mense teen hulself te beskerm – ook wette verander om hul lewensstyl te pas. Dalk gaan dit onder ‘n ander naam, maar die spil waarom alles draai, is nog steeds “geloof” en mag.

Nou vra ek myself die vraag: met al hierdie negatiewe skakels met Christendom, wil ek regtig myself ‘n Christen noem? Wil ek regtig saam met Christene (en dit op Shabbat) in Bloemfontein of enige ander plek bymekaarkom?

Ons Vader, ons Abba, leer ons in Jesaja 44:1-6 die volgende:



maar luister nou, Ya'akov, My dienskneg en Yisra'el wat Ek gekies het!" So se יהוה , wat jou gemaak en jou gevorm het van die baarmoeder af, wat jou sal help: "Moenie vrees nie, Ya'akov, My dienskneg en Yeshurun wat Ek gekies het, want Ek sal water op 'n uitgedroogde land uitgooi en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou nageslag uitgiet en My seën op jou nakomelinge en hulle sal opspring tussen die gras soos populiere by waterstrome.' Die een sal sê: 'Ek behoort aan יהוה ' en die ander sal die naam van Ya'akov aanroep en die ander sal met sy hand skryf: 'Ek behoort aan יהוה ' en sal die naam van Yisra'el eer." So se יהוה , die Koning van Yisra'el en sy Loskoper, יהוה-Tzva'ot: 'Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie.

Dit word daarom gesê: "Word wakker, jy wat slaap en staan op vanuit hulle wat dood is en Die Gesalfde Een sal jou verlig." (Efe 5:14)

Bronne:

[http://amazingdiscoveries.org/R-Reformation\\_Rome\\_crusade\\_slaughter](http://amazingdiscoveries.org/R-Reformation_Rome_crusade_slaughter)

<https://www.ushmm.org/wlc/en/article.php?ModuleId=10007043>

<https://www.biblebelievers.org.au/expelled.htm>

The Pilgrim Church: EH Broadbent, resurrectedbooks.com

<http://markhumphrys.com/christianity.killings.html>

<http://www.truthbeknown.com/victims.htm>

PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe), Afrikaanse vertaling van die Skrif vanuit Aramees

Hierdie artikel is ook in Engels beskikbaar en kan by Hein ([zentie.hr@gmail.com](mailto:zentie.hr@gmail.com)) aangevra word.

### **Wette Oor Die Reiniging Van 'n Vrou**

Hierdie week se Torahskriflesing begin met die instruksies (Torah) vir die reiniging van 'n vrou wat geboorte gegee het.

<sup>1</sup>Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: <sup>2</sup>"Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. <sup>3</sup>Op die agtste dag moet die vlees van sy voorhuid besny word. <sup>4</sup>Sy bly dan drie en dertig dae onrein asof in die bloed van haar reiniging. Sy mag aan niks wat afgesonder is raak nie en sy mag nie in die afgesonderde plek kom totdat die dae van haar reiniging voltooi is nie, <sup>5</sup>maar as sy geboorte gee aan 'n dogter, sal sy twee weke onrein wees soos met haar menstruasie. Dan moet sy ses en sestig dae bly in die bloed van haar reiniging. Lev. 12:1 tot 5.

Hiervolgens is 'n vrou wat geboorte gegee het aan 'n seun vir 40 dae onrein, maar vir 80 dae onrein indien sy geboorte gegee het aan 'n dogter. In vers 6 tot 8 word die voorskrifte gegee vir die vrou se reiniging na die dae van haar onreinheid. Dit behels die gepaste brandoffer en sondoffer vir haar reiniging.

Die vraag is of hierdie instruksies steeds van toepassing is op die gelowige vrou van die nuwe verbond? Maar voordat die antwoord hierop gegee word, is dit eerstens belangrik om die volgende te bespreek:

Lev. 12:1 tot 8 is een van die vele instruksies van die Torah van Moses<sup>2</sup> wat Rabbynse Judaïsme nie gehoorsaam aan is nie, want daar is vir bykans twee duisend jaar geen Levitiese priesterorde en tempel nie.

Volgens Rabbynse Judaïsme is daar 613 *mitzvot* (gebooie) in die vyf boeke van Moses. En volgens Rabbi Maimonides is daar 365 negatiewe gebooie, naamlik dinge wat nie gedoen mag word nie, en 248 positiewe gebooie, naamlik dinge wat gedoen moet word. In die boek van Chofetz Chaim, “*Sefer HaMitzvot HaKatzar*” wat in 1990 gepubliseer is, skryf hy dat slegs 77 van die 365 gebooie en slegs 194 van die 248 positiewe gebooie huidig gehoorsaam kan word. Dit beteken dat slegs 21% van die negatiewe gebooie en slegs 78% van die positiewe gebooie teenswoordig eerbiedig kan word. In geheel kan slegs 44% van die 613 gebooie waarvolgens Rabbynse Judaïsme hulle geloofslewe rig, dus huidig weens die gebrek aan ‘n priesterorde en tempel, onderhou word.

Vir Rabbynse Judaïsme en vir diegene in die Messiaanse Beweging wat glo dat die Torah van Moses steeds getrou gehoorsaam moet word, skeep dit ‘n ernstige probleem, want die Apostel Jakobus skryf:

*Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind, Jak. 2:10.*

Hierdie woorde van Jakobus is bevestiging van wat geskrywe is in Deut. 27:26.

*‘Vervloek is hy wat nie die woorde van hierdie wet bevestig deur dit te doen nie.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’*

Elkeen wat vandag ywerig en met opregte bedoelings probeer om die Torah van Moses te onderhou, is skuldig aan die oortreding van die hele wet! En ons weet dat die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

Bogenoemde behoort bevestiging te wees dat die Torah van Moses slegs van toepassing was vir ‘n bepaalde tyd en vir ‘n bepaalde doel (die tugmeester of gids) in Israel se geskiedenis en dat dit tot ‘n einde gekom het met die folterdood en opstanding van Yeshua en daarna het die Torah van YHVH verander! Daarom skryf Paulus dat die einddoel van die geskrewe wet van Moses is Yeshua Die Gesalfde Een (Rom. 10:4).

*want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.*

Is dit toevallig dat die tweede tempel in 70 nM vernietig was en was dit toevallig dat die voorhangsel in die tempel in twee geskeur het toe Yeshua aan die folterpaal gesterf het. Nee, dit was alles bevestiging dat die Torah van Moses sy doel bereik het, naamlik dat dit die tugmeester was tot Yeshua gekom het (Gal. 3:24 en 25).

Daarom moet ons besef dat die tempel met die Levitiese priesterorde en offerandes geen doel meer dien nie. Elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde een is, is individueel en korporatief die tempel van YHVH (1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:19; 2 Kor. 6:16). Daarom is die Levitiese priesterorde met die priesterorde van Melgisédék vervang en met Yeshua as die ewige

<sup>2</sup> Ook bekend as die boek van die wet (Neh. 8:2; Gal. 3:10), of die wetboek, of die geskrewe wet wat aan Israel gegee is na die sonde van die aanbidding van die goue kalf en wat die tugmeester was tot Yeshua gekom het (Gal. 3:24 en 25).



Hoofpriester. Yeshua is die weg, die waarheid en die lewe en alleenlik deur Hom het ons toegang tot die Vader (Joh. 14:6).

Daarom het ons geen seremoniële rituele of offerandes vir die doel nodig nie. Yeshua het as die eenmalige offer gesterf en sit nou aan die regterhand van YHVH.

*Van nou af aan sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van Die Krag (HaG'vurah) van God. Luk. 22:69.*

As Melgisédek Hoofpriester is Yeshua se werk afgehandel, behalwe om in te tree as ons Middelaar by die Vader (Heb. 8:6; Heb. 9:15; Heb. 12:24).

## **Die Torah Van Moses En Die Torah Van Yeshua**

Dit is noodsaaklik om die verskil te verstaan tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua. Albei is die Torah van YHVH, maar elkeen het sy plek in YHVH se Raadsplan en ons moet dit verstaan. YHVH se Torah is ook gekoppel aan 'n bepaalde verbond. Daarom moet ons as gelowiges in Yeshua die Torah van die nuwe verbond gehoorsaam. Hoewel ons in verskeie vorige Torahskriflesings daarvoor gepraat het, is dit nodig om weer kortliks hersiening te doen. Ek wil elkeen egter aanmoedig om duidelikheid oor hierdie saak te kry, want dit kan tot geestelike dood lei indien ons steeds die Torah van Moses fisies wil onderhou terwyl ons nie begrip het nie vir die verandering in YHVH se wat met die folterdood van Yeshua en die nuwe verbond ingetree het.

In die verband word hierdie artikel van Ina van Niekerk ook aanbeveel: [Die Torah Van Die Messias Finaal](#)

Ons leef aan die einde van die eeue en ons word gewaarsku dat ons nie mislei moet word nie. Volg nie 'n mens as leermeester nie, maar vra die Afgesonderde Gees om jou te leer, te herinner aan alles wat Yeshua ons geleer het en in alle waarheid van die nuwe verbond te lei.

*26Hierdie dinge het ek aan julle geskryf aangaande diegene wat julle verlei 27en ook vir julle: dat as julle bly in die Salwing wat julle van Hom ontvang het, julle niemand nodig het om julle te leer nie, maar soos die Salwing wat van God is julle aangaande alles leer en waar is en daar geen leuen in Hom is nie en soos Hy julle geleer het, so moet julle in Hom bly. 1 Joh. 2:26 en 27.*

Eerstens is dit baie belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah, naamlik sy onderrig en instruksies, vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21 strek. Rabbynse Judaïsme verwerp egter die Skrifte van die nuwe verbond en beskou dit nie as deel van YHVH se onderrig en instruksies nie. Daarom verkondig Rabbynse Judaïsme nie die waarheid nie!

Ons weet ook dat YHVH se Torah vir ewig sal bestaan! YHVH is die Oppergesag oor alles. Hy is die Wetgewer wie se gesag hoër is as enige ander wetgewer se gesag! YHVH is die Wetgewer en die Regter wat beslissings maak en uitspraak lewer! As die Oppergesag het YHVH ook die reg om Sy Torah te verander en om dele daarvan volgens Sy Raadsplan aan die mens bekend te maak en van toepassing te maak.

Alles geskied volgens YHVH se Raadsplan met die einddoel om alles weer te herstel soos dit was voor die sondeval in die tuin van Eden. Soos die Skrifte begin met die tuin van Eden so eindig dit met die 'herstelde tuin van Eden', naamlik 'n nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem.

Daarom kan ons volgens die Afgesonderde Skrifte YHVH se se onderrig en instruksies soos volg verdeel:

- **Die Torah van ons voorvaders**, naamlik vanaf Adam tot en met Israel se aankoms by Sinai. Adam, Noag en ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag het hierdie Torah onderhou. Hierdie Torah het YHVH se opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette bevat. Dit was die Torah wat Abraham en sy nageslag onderhou het tot en met hulle aankoms by Sinai soos bevestig word deur Gen. 26:4 en 5 toe YHVH aan Isak gesê het:

*en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.”*

Die bloedverbond wat YHVH met Israel direk na hulle aankoms by Sinai gesluit het (Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 – bekend as die boek van die verbond, Ex. 24:7) was bedoel om ‘n voortsetting en uitbreiding van die verbond met Abraham te wees. Dit was bedoel om die vervulling van die belofte aan Abraham, soos opgeteken in Genesis hoofstukke 12 en 15, te wees.

- **Die Torah van Moses**, ook bekend as die boek van die wet<sup>3</sup>, was aan Israel gegee na die sonde van die aanbidding van die goue kalf en was ‘n tugmeester (‘n gids) wat Israel in bewaring gehou het tot Yeshua se koms (Gal. 3:24 tot 29). In die verband is dit belangrik om te onthou dat as dit nie vir Moses was wat as middelaar opgetree het nie, sou YHVH sy volk na die aanbidding van die goue kalf uitgewis het (Ex. 32:10), want Israel se optrede was die verbreking van die bloedverbond wat die dood van die oortreder vereis het. Hierdie Torah het bykomende onderrig en instruksies bevat wat nie voorheen – vanaf Adam tot Sinai – van toepassing was nie.
- **Die Torah van Yeshua**, naamlik die onderrig en instruksies wat van toepassing geword het na die folterdood en opstanding van Yeshua. Hierdie behels ook ‘n verandering in die Torah van YHVH soos dit deur Moses aan Israel gegee was. Die brief aan die Hebreërs bevestig byvoorbeeld hierdie verandering, veral in hoofstuk 7 wat dit duidelik maak dat daar ‘n verandering in die wet (in die Torah van Moses) plaasgevind het ten opsigte van die priesterorde en die offerandes. Yeshua self het sekere ‘veranderinge’ aan die Torah van Moses aangebring, soos byvoorbeeld die sewende gebod (Ex. 20:14) – jy mag nie egbreek pleeg nie. Volgens die Torah van Yeshua pleeg ‘n man egbreek deur selfs net met begeerte na ‘n ander vrou te kyk (Matt. 5:28), terwyl slegs die fisiese daad volgens die Torah van Moses as egbreek gereken word.

Die tien gebooue is steeds die tien pilare waarop die Torah van Yeshua staan, want dit was ook deel van die boek van die verbond!

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat daar ‘n verskil is tussen die die Torah van Moses en die Torah van Yeshua, ook bekend as die Torah van die nuwe verbond en die Torah van Melgisédek. Daarom is die vraag: Volg jy die Torah van Moses of volg jy die Torah van

---

<sup>3</sup> Die boek van die wet was ook ‘n verbond, maar nie ‘n bloedverbond nie, want dit was nie gesluit by wyse van ‘n aanbod aan Israel en die keuse van aanvaarding daarvan deur Israel nie, en was ook nie deur bloed verseël of met ‘n verbondsmaaltyd nie.

Yeshua. Rabbynse Judaïsme leer dat ons die Torah van Moses moet volg, maar die waarheid vir elkeen wat glo dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, is dat ons die Torah van Yeshua moet volg.

### Terug By Ons Vraag

Die vraag is of die instruksies vir die reiniging van die vrou volgens Lev. 12:1 tot 8 steeds van toepassing is op die gelowige vrou van die nuwe verbond? Die antwoord is ‘n besliste “nee” en kan soos volg verduidelik word:

Hoewel die mens aanvanklike geskape was met ‘n inherente reinheid, het die sondeval veroorsaak dat alle mense se status van rein (*tahor*) na onrein (*tamay*) verander het. Ons word almal in sonde ontvang en gebore. Die inherente reinheid van die mens is nou onderliggend tot sy onreinheid. Hierdie toestand van onreinheid word egter deur wedergeboorte verander na reinheid, want elkeen se sonde word vergewe. Wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias verklaar elkeen rein. Daarom is die vrou wat bely dat Yeshua die Messias is en wat geboorte gegee het steeds rein, asook tydens menstruasie steeds rein.

Parashot *Tazria* en *Metzora* is vol voorbeelde van hoe YHVH se kinders onrein kan word. Verwerfde onreinheid kan byvoorbeeld ontstaan deur aanraking van ‘n karkas (Lev. 11:24 tot 40; Num. 19:11 tot 17), deur geboorte te gee (Lev. 12:1 tot 8), deur liggaamsuitskeidings (Lev. 15:2 tot 28) en weens velaandoeninge (Lev. 13 en 14). Hierdie verwerfde onreinheid kon egter verwyder word deur die voorgeskrewe ritueel / seremonie (Byvoorbeeld: Lev. 11:24 en 25; Lev. 14:1 tot 32; Num. 19:1 tot 19). Hierdie word algemeen as die seremoniële wette beskou en was alles ‘n skadubeeld (‘n sinnebeeld) van die toekomstige verlossing in Yeshua. Daarom volg ons nie meer die seremoniële wette vir ‘n statusverandering van onrein na rein nie, want in Yeshua is dit vervul. MAAR, die beginsels waarvolgens ons as wedergebore kinders van YHVH onrein kan word het nie verander nie!! Die beginsel waarvolgens ons weer rein kan word het nie verander nie, maar wel die wyse, naamlik soos dit in Yeshua Messias vervul is.

Elkeen wat wedegebore is, kan deur sekere handeling, en onder sekere omstandighede, egter weer onrein word. Sonde, naamlik die oortreding van YHVH se onderrig en instruksies (Torah)(1 Joh. 3:4) veroorsaak ook dat die mens se inherente reinheid nou verwerfde (verkrygde) onreinheid word. Maar beide hierdie is egter ‘n toestand van ‘tydelike’ onreinheid, want deur sonde belydenis en vergifnis, en deur vertroue in Yeshua as ons reiniging, word die persoon wat onrein geword het, weer rein verklaar.

Die wedergebore kind van YHVH moet egter die verantwoordelikheid vir sy verwerfde onreinheid aanvaar en sorg dat hy of sy deur die regte handeling (vertroue in die voltooide werk van Yeshua, belydenis en vergifnis) weer rein word. In die verband lees ons in 1 Joh. 1:8 tot 10 die volgende:

*8As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die Waarheid is nie in ons nie. 9As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 10As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is Sy boodskap nie by ons nie.*

Toe Yeshua Sy dissipels se voete gewas het, het Hy vir Petrus gesê: “Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om sy voete te was nie, want hy is reeds volkome skoon (heeltemal rein) (Joh. 13:10). Hierdie is ook op ons van toepassing en dus op die reinigingswette vir die vrou.

Dit is dikwels net nodig dat ons “voete weer gewas moet word” sodat ons met ‘n rein gewete voor YHVH ons God en Vader kan staan. Ons hande, naamlik dit wat ons doen, en voete naamlik ons wandel, word deur die Woord (die waterbad van die woord) gewas wanneer ons dit hoor en doen.

Die vrou wat geboorte gegee het, of wat menstrueer, is dus steeds rein mits sy vertrou in die voltooide werk van Yeshua en mits daar geen doelbewuste sonde in haar lewe is nie. Dit gaan nie oor die fisiese nie, maar wel oor die geestelike, naamlik ‘n rein hart en ‘n rein gewete (1 Tim. 1:5 en 1 Tim. 3:9).

Tweedens was Yeshua die eenmalige offer vir al ons sondes en onreinheid.

*10*want in Sy wil word ons net een maal afgesonder deur die offer van die liggaam van Yeshua, Die Gesalfde Een. *11*Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie, *12*maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, *13*wagtend verder totdat Sy vyande ‘n voetbank onder Sy voete gemaak is, *14*want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel gebring. Heb. 10:10 tot 13.

Daarom kan die vrou wat geboorte gegee het, of wat menstrueer, met vrymoedigheid in die Teenwoordigheid van YHVH haar God en Vader staan soos deur Heb. 10:22 bevestig word.

*Laat ons nader gaan met ‘n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrouwe terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van ‘n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water.*

## Die Verskuilde Doel

Is daar ook ‘n ander rede, of redes, vir die wette oor die reiniging van ‘n vrou? Ons weet dat YHVH ‘n liefdevolle Vader is wat al Sy kinders se welsyn op die hart dra. Daarom weet ons dat sommige van die gebooe aan die mens om gesondheidsredes gegee is.

‘n Voorbeeld hiervan is YHVH se voedselvoorskrifte. As voedselwetenskaplike, wat ook betrokke was by menslike voeding, kan ek bevestig dat die diere wat YHVH as onrein verklaar het wel ‘n gesondheidsrisiko vir die mens is. Die rede is dat hierdie diere almal aasdiere is wat se weefsel meesal hoë konsentrasies van swaar metale bevat en ook dikwels met parasiete en ander patogene besmet kan wees.

Ten opsigte van die offerandes lees ons in Lev. 3:16 en 17 die volgende:

*16* en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan as ‘n kosoffer vir ‘n aangename geur. Al dié vet behoort aan יהוה. *17*Hierdie sal ‘n ewige instelling wees in julle geslagte, in al julle blyplekke: julle mag géén vet en géén bloed eet nie.

Ons kan daarom ook vra: Het YHVH die eet van diervet beperk omrede Hy weet dat oormatige vet in die dieet ongesond is? Die rol van diervet in verhoogde cholestrol en hartvatsiektes het eers in die twintigste eeu bekend geword.

Die feit dat ‘n seuntjie op agt dae besny moet word is ook uit ‘n mediese oogpunt die ideaal aangesien die baba se bloed op agt dae die hoogste konsentrasie vitamien K bevat wat noodsaaklik is vir die stolling van bloed.

Daarom kan ons ook met redelike sekerheid aanvaar dat die reinigingswette vir ‘n vrou na sy geboorte geskenk het ook medies gefundeer is. Die meerderheid verloskundiges en ginekoloë

is dit eens dat 'n vrou se vagina en baarmoederhals sowat ses week nodig het om ten volle te herstel na sy normale geboorte gegee het. Vir geboortes met komplikasies kan die herstelperiode selfs langer wees. Seksuele gemeenskap voor die vrou ten volle herstel het, hou gevaar in van inwendige beserings wat blywende letsels kan veroorsaak en infeksies.

Maar die verskil in tydperk van onreinheid na die geboorte van 'n seuntjie (40 dae) en die geboorte van 'n dogtertjie (80 dae) is selfs vir die wysgere van Judaïsme 'n raaisel, maar is daar ook waarskynlik 'n mediese of fisiologiese rede voor.

Volgens sommige kundiges en navorsing moet seksuele gemeenskap tydens menstruasie ook om gesondheidsredes vir die vrou vermy word.

So ook het YHWH se instruksies oor melaatsheid ook ten doel gehad om hierdie aansteeklike siekte te beheer deur die melaatse te isoleer en sodoende die gemeenskap te beskerm.

Ons kan dus nie die Torah van Moses totaal vergeestelik nie. Nee, daar is instruksies wat steeds van toepassing is, soos byvoorbeeld dié wat YHWH om gesondheids- en higiëniese redes aan Israel van ouds gegee het en steeds vandag nog relevant is. Daar is wel ook 'n geestelike waarheid hierin vervat waarvan ons kennis moet neem en dit in ons lewe as volgelinge van Yeshua moet toepas. Ons het wel nie onder die nuwe verbond nodig om die rituele en offerandes wat daarmee gepaard gegaan het te onderhou nie, want in Yeshua is dit vervul.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Onder wie se gesag staan jy? Onder die gesag van die Torah van Moses of onder die gesag van Yeshua en die Afgesonderde Gees wat ons hulp en krag is om gehoorsaam te wees aan YHWH se Torah van die nuwe verbond? Word jy gelei en geleer deur die Torah van Moses of deur die Afgesonderde Gees? Onthou: Judaïsme wil jou onder die gesag van die Torah van Moses terugplaas!
2. Watter wet is volgens die belofte van die nuwe verbond in jou verstand gegee en op jou hart geskryf (Heb. 8:8 tot 13)? Is dit die Torah van Moses of die Torah van Yeshua (die nuwe verbond)?

### **Die Besnydenis**

(Hersiening van verlede jaar se notas)

<sup>1</sup>Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: <sup>2</sup>“Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. <sup>3</sup>Op die agtste dag moet die vlees van sy voorhuid besny word. Lev. 12:1 tot 3.

Die besnydenis is ook 'n baie goeie voorbeeld van wat die Torah van Yeshua – die nuwe verbond – ons leer teenoor dit wat in die Torah van Moses – die ou verbond – geskryf is.

Vanaf die begin van die gemeente van Handelingse se bestaan was die besnydenis 'n strydpunt en rede vir verdeeldheid. Dit is veral met Pesag waar die besnydenis gedebateer word. Die rede is dat daar diegene is wat oortuig is dat die besnydenis 'n vereiste is om Pesag te gedenk, terwyl ander die standpunt huldig dat dit nie van gelowiges in Yeshua vereis word nie. Daar is ook diegene in die Messiaanse Beweging wat oortuig is dat die gelowiges in Yeshua steeds besny moet word. Wie is reg?



Ons weet dat dit in die Torah van Moses geskryf is dat 'n seuntjie op die agste dag besny moet word, asook dat die besnydenis 'n voorvereiste is om die Pesagmaal te eet.

*43 יהוה het vir Moshe en Aharon gesê: “Dit is die instelling van die Pesag: géén vreemdeling mag daarvan eet nie, 44maar elke slaaf van 'n man wat met geld gekoop is, wanneer jy hom besny het, dan mag hy daarvan eet. Ex. 12:43 en 44.*

Die vraag is egter wat leer die nuwe verbond ons aangaande die besnydenis?

Die besnydenis begin by die verbond met Abraham soos ons in Gen. 17:4 tot 13 lees. Verse 11 tot 13 sê duidelik dat die besnydenis 'n teken sal wees van hierdie verbond:

*11Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word. 12Hy, onder julle, wat agt dae oud is, moet besny word, almal wat manlik is, in julle geslagte; die wat in jou huis gebore is en die wat nie van jou nageslag is nie, wat van enige vreemdeling met geld gekoop is. 13Hy wat in jou huis gebore is en hy wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word en My verbond sal in julle vlees wees as 'n ewige verbond.*

Let daarop dat die besnydenis die fisiese teken sal wees van Abraham en sy nageslag se deel **aan** die verbond!! Die teken was dus simbolies en was aangebring op die plek waardeur die saad kom wat die nageslag deel maak van hierdie verbond. Abraham se fisiese nageslag is al waarvan hier dus gepraat word. Hierdie teken word ook slegs hier, by die oorspronklike gee van die verbond met Abraham, genoem en nie nadat die volk die verbond verbreek het en Vader in Sy onverdiende guns die Nuwe Verbond met hulle gesluit het nie!!

Maar dan lees ons in Deut. 10:14 tot 17 waar YHVH wel Sy behae in die fisiese nageslag van Abraham bevestig, maar ook wil hê dat elkeen die voorhuid van hulle verstand, wil en emosie moet besny om sodoende nie meer hardnekkig te wees nie (Deut. 10:16 en 17).

*16Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie, 17want יהוה, julle God, is God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees, wat die persoon nie aansien en geen omkoperij aanvaar nie.*

Maar in Deut. 30:4 tot 6 leer ons dat die fisiese besnydenis hulle deel van die Sy verbondsvolk maak, maar dat alleenlik die besnydenis van hulle verstand, wil en emosie, naamlik die geestelike besnydenis, ware lewe gee.

*Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. Deut. 30:6.*

Paulus bevestig ook in Rom. 2:28 en 29 wat die ware besnydenis is, naamlik die besnydenis van die hart:

*28Hy is nie 'n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dít is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. 29Inteendeel, hy is 'n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskryfte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God.*

En in Kol. 2:11 verwys Paulus na hierdie besnydenis as dit wat nie met hande verrig word nie.



*In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een.*

Israel se redding is nie geleë in die fisiese besnydenis nie, maar wel in die geestelike besnydenis, naamlik die verwydering van Torah ongehoorsaamheid – die verwydering van hulle bose dade soos deur Jer. 4:4 bevestig word.

*Besny julleself tot יהיה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'udah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade."*

Alreeds hier leer die Torah van Moses ons dat die geestelike besnydenis belangriker is as die fisiese besnydenis. Die besnydenis van die hart – die verstand, wil en emosie – is 'n daad van vertroue! Redding is alleen deur vertroue!!

In die Handeling van die apostels lees ons ook van die meningsverskil oor die fisiese besnydenis. Daar was diegene wat gesê het dat dit 'n vereiste was om deel te wees van die reddende genade in Yeshua.

*Manne wat van Y'udah af gekom het, het die broers geleer: "As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie." Hand. 15:1.*

Hulle het verklaar dat jy eers deel van Yisra'el as volk moet word, deur die fisiese besnydenis, voordat jy deel van YHVH se gemeente kon wees. Daarom was hulle verstom toe die vulling met die Afgesonderde Gees ook met die onbesnedenes gebeur het:

*<sup>44</sup>Terwyl Shim'on besig was om te praat, het die Gees van Afsondering op almal wat die boodskap gehoor het, gekom <sup>45</sup>en die broers vanuit die besnydenis, wat saam met Shim'on gekom het, was verstom en verbaas dat die geskenk van die Gees van Afsondering ook oor die ander nasies uitgestort is, <sup>46</sup>want hulle het gehoor hoe hulle in verskillende tale praat en God grootmaak en Shim'on sê: <sup>47</sup>"Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees van Afsondering ontvang het, gedoop word nie." Hand. 10:44 tot 47.*

Wat leer ons hieruit? Dit is nie meer 'n fisiese afgesonderdheid wat deur die fisiese besnydenis simboliseer word nie, maar dit is die besnydenis van die hart deur die Afgesonderde Gees wat elkeen die ware afgesonderdes van YHVH maak – naamlik deel van die ware Israel. Dit is die Torah van Yeshua!

Die Torah van Moses vereis 'n fisiese en geestelike besnydenis, naamlik die besnydenis van die hart. Die Torah van Yeshua vereis slegs 'n geestelike besnydenis!

Daarom het Petrus aan sy medebroers soos volg gereageer deur te verduidelik:

*<sup>8</sup>En God, wat die verstand, wil en emosie ken, **het aangaande hulle (die onbesnedenes) getuig** deur aan hulle die Gees wat Afgesonderd is te gee net soos aan ons. <sup>9</sup>**Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertroue.** <sup>10</sup>Nou waarom toets julle God deur op die nek van die studentevolgelinge 'n juk te lê wat nie ons vaders of ons in staat was om te dra nie? <sup>11</sup>Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle." Hand. 15:8 tot 11.*

Vader-God het dus die onbesnedenes as deel van Sy Koninkryk sonder fisiese besnydenis bevestig en verklaar dit gebeur deur vertroue soos wat in vers 11 bevestig word – *Ons vertrou*

*dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle.*

Die slotsom is dus dat die onbesnedenes wat deur vertroue in Yeshua as die Messias deur YHVH geregverdig verklaar word nie besny hoef te word nie! Daarom kan die onbesnede geregverdigde met vrymoedigheid Pesag gedenk en deel hê aan die Pesagmaal.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Lees Gal. 5:1 tot 6 en 11 tot 14. As jy fisies besny wil word stel jy jou onder die fisiese reëls en verlossing uit die fisiese. Nou is jou afhanklikheid en vertroue nie meer op Hom nie. Vers 11 bevestig ook dat Paulus glad nie meer besnydenis as vereiste verkondig het nie. Die geestelike besnydenis is die belangrikste.
2. Indien jy nog die fisiese besnydenis verkondig as vereiste om deel van YHVH se koninkryk te wees en Pesag te gedenk, dan volg jy die Torah van Moses en nie die Torah van Yeshua nie! Dan is Rabbynse Judaïsme jou leermeester en nie Yeshua nie! Die vraag is dus: Wie is jou Rabbi? Hierdie vraag word bespreek in 'n artikel wat afgelaai kan word by [Okt15Leermeester](#)

**Nota:** Die lering van Gerrie Coetzee oor die besnydenis kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik <http://www.padwlewe.ch/downloads/Besnydenis.pdf>

-0-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*